



# die veelkleurige kleed van gebed

deur Jimi le Roux

Die doel van hierdie kursus is:

- om **informatie** oor gebed aan die leser te verskaf,
- om **inspirasie** op te wek vir die voorreg van gebed,
- om **transformasie** te fasiliteer in die leser se gebedslewe.

Daarvoor is ons **100% afhanklik** van die Heilige Gees.

Skryf in op Padlangs Oordenkings of kyk na ons kursusse, programme en ander inhoud by: [www.jimileroux.com](http://www.jimileroux.com)

© 2015 Jimi le Roux

Kopiereg voorbehou – geen duplisering of verspreiding sonder toestemming nie.

Vergeet maar eers wat jy van gebed af weet.

Ons het **stereotipes oor gebed**: ons tipiese bidure, stiltetye en aanbiddingstye... dis mos soos gebed eintlik moet lyk? Soms het ons **vrese oor gebed**: omdat ek voor ander moet bid – en ek nie weet of ek so mooi kan bid soos hulle nie... Dikwels beleef ons **mislukking oor gebed**: omdat ek nie by gereelde stiltetye uitkom nie, omdat my gebedslewe lusteloos is, omdat my gebede teen die plafon vasslaan.

Klink dit bekend? **Hierdie kursus is vir jou!** Gebed is nie 'n las nie, nie 'n kompetisie nie en nie 'n werk nie. Jou gebedslewe is nie iets wat jy hoef te “slaag” nie. **Jou gebedslewe is so uniek soos wat jy is** – jy mag jouself nie met iemand anders vergelyk nie!

Gebed **gebeur nie net op een manier nie** – een vorm van stiltetyd-hou of 'n tipiese manier van praat nie. O nee, **gebed is 'n veelkleurige kleed, 'n veelvoud van verhouding** – soos kommunikasie mos altyd is. Hierdie kursus wil **jou vrymaak wat gebed betref** – jou hoop gee en jou in die ruimtes inlei. Dit wil jou leer dat dit **ALTYD 'n vreugde** is om met God – ons Liefdevolle Vader – te praat!

**Voorblad en Inhoud**

## Wat behels hierdie kursus?

### ■ Wat behels dit nie?

Ons gaan jou nie uitdaag tot groter dissipline wat 'n sekere vorm van gebed betref nie. Ons gaan byvoorbeeld nie *tips & trieks* verskaf hoe om seker te maak jy staan vyfuur soggens op vir jou gebedstyd nie – soos om jou wekker op die klerekas te sit nie! Gebed is nie net om vyfuur soggens te bid nie – dis veel meer...

Ons gaan jou nie skuldig laat voel oor jou gebedslewe nie. Jou spesifieke gebedslewe maak jou nie 'n swakker of beter Christen nie. Dit maak jou geestelike lewe bloot uniek. 'n Sekere vorm van gebed – bv. vyfuur soggens - “verdien” nie by God ekstra krediete, genade of liefde nie. Hy is reeds die Liefdevolle Vader.

Ons gaan jou nie wenke gee hoe om jou gebed te laat “werk” nie – m.a.w. hoe om te bid dat God gee wat jy vra! Daar is nie eintlik sulke formules en metodes nie: om jou geloof uit te spreek, die uitkoms te visualiseer, volhardend, eendragtig of “in Jesus Naam” te bid is goed, maar waarborg nie een 'n spesifieke uitkoms nie.

### ■ Wat behels dit?

Ons seleksie van gebedstemas gaan aan jou genade bied vir wie jy is – vir wat jy kan doen en nie kan doen nie. In pleks van swaar laste op jou lê wil ons jou eerder jouself laat wees. In plaas van skuldgevoelens wil ons jou eerder inspireer en uitnoui tot verhouding-met-God. In pleks van veroordeling sê ons jy doen reeds goed wat jou gebedslewe betref, ja werklik! Ons groei egter lewenslank geestelik en hierdie kursus kan vir jou nog moontlikhede van gebed oopvou – iets wat mooi by jou pas.

Die Skrif skryf immers, behalwe die *Ons Vader* (wat ons so selde bid), nêrens 'n enkele gebedsvorm voor nie! Waarom sal ons dit aan mekaar doen?

Ons gebed “doen” niks vir God nie – Hy ken reeds jou hele hart en lewe en weet reeds vooraf wat jy gaan vra. Gebed doen egter alles vir ons! Dit bring rykdom en diepte in ons lewe en verskaf ondersteuning, insig, vreugde, vrede – en daadwerklike verandering! Gebed is so 'n voorreg.

Mag elkeen van hierdie hoofstukke jou intrek en fassineer, jou vrymaak en vreugde bring, jou inspireer om te WIL bid en vir jou vensters oopmaak, lig werp op HOE jy kan bid.

## Inhoudsopgawe

### A. INLEIDING

1. Wat is gebed?
2. Wat is gebed nie?
3. Die veelkleurige kleed
4. Gebed deur die eeue
5. Gebedshoudings

### B. WIE IS EK?

6. Tipes mense en tipes gebed
7. Persoonlike toepassing
8. Passievolle, gesamentlike gebed
9. Doelgerigte, gelowige gebed
10. Standhoudende, gedissiplineerde gebed
11. Emosionele, digterlike gebed

### C. EVANGELIESE GEBED

12. Danksegging en lofprijsing
13. Belydenis en vergiffenis
14. Petisie: gebed en smeking
15. Voorbidding as intrede
16. Aanbidding in sy vorme
17. Persoonlike gebedsbediening
18. Die groot gebedsbeweging
19. Geestelike oorlogvoering
20. Vas en bid
21. Die Uur van Gebed
22. Die gebedsjoernaal
23. Persoonlike stiltetyd

### D. LITURGIESE GEBED

24. Tradisionele gebedstye
25. Gebedeboeke en liturgieë
26. Ou Testamentiese gebed
27. Nuwe Testamentiese gebed
28. Die Ons Vader
29. Seënbedes
30. Gebedsmusiek en *chants*

### E. KONTEMPLATIEWE GEBED

31. Die kontemplatiewe benadering
32. Kontemplatiewe wandel
33. Kontemplatiewe eet
34. Ikonografie
35. Die gebed van stilte
36. Die *examen* van Ignatius
37. *Lectio Divina*
38. Simbole in gebed
39. Rituele in gebed

### F. SLOT

40. Die drie kleure van gebed
41. Jesus se gebedslewe
42. Bybelse voorskrifte oor gebed
43. Vlees en Gees in gebed
44. 'n Persoonlike regula
45. Gevolgtrekkings